SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging

Takbefondsingmodel

Tydens die takbefondsing vergadering gehou op Saterdag 14 April 2007 is die volgende model aanvaar vir die befondsing van SAJWV takke.

Voorbeeld:



Taksubsidie bedrag word as volg bereken:

- 12% van ledegelde (na VAT) van gewone lede
- 20% van aansluitingsfooie (na VAT) van nuwe gewone lede gewerf deur tak

Eerste betaling (Betaalbaar – 31 Januarie 2008)
Vir die eerste 6 maandelikse periode (1 Jul'07 tot 31 Des'07) is die taksubsidie bedrag beskikbaar vir verdeling R520,000.

- Takontwikkelingsfonds: 10% van taksubsidie bedrag word na die fonds oorbetaal nl.R52,000
- Vaste basis bedrag: 'n Bedrag van R4,000 word aan elke tak oorbetaal nl.R200,000 (50 takke x R4,000) **Let wel**: Hierdie vaste bedrag word slegs aan die einde van die eerste 6 maande periode betaal.
- Balans verdeling: 'n Pro rata verdeling van die oorblywende balans op die volgende formule – opbetaalde ledetal van tak as 'n persentasie van die totale opbetaalde ledetal van die vereniging nl R268,000

Tweede betaling (Betaalbaar – 31 Julie 2008)
Vir die tweede 6 maandelikse periode (1 Jan'08 tot 30 Jun'08) is die taksubsidie bedrag beskikbaar vir verdeling R450,000.

- Takontwikkelingsfonds: 10% van taksubsidie bedrag word na die fonds oorbetaal nl.R45,000

- Balans verdeling: ‘n Pro rata verdeling van die oorblywende balans op die volgende formule – opbetaalde ledetal van tak as ‘n persentasie van die totale opbetaalde ledetal van die vereniging nl R405,000



Takontwikkelingsfonds
Hierdie fonds word geskep om hulp aan takke te verleen met die aangaan van kapitale uitgawes.
Geen bedryfs/administratiewe uitgawes sal deur hierdie fonds ondersteun word nie.
Takke moet aansoek doen vir befondsing vanuit takontwikkelingsfonds.
Die reëls vir die beheer oor die takontwikkelingsfonds sal deur die ouditkomitee opgestel word sodat toekennings uit die fonds deursigtig en regverdig sal wees teenoor alle takke.